

Ds Matie van Niekerk

Ek was bevoorreg om Matie vir bietjie meer as 4½ jaar te ken. Wat hier volg, is 'n paar hartgedagtes oor hoe ek hom sal onthou.

Hy was baie lief vir God en Sy Woord. Dit was vir Hom 'n passie om die Woord op enige moontlike manier uit te dra. Geen geleentheid was vir hom te ongeleë of geen plek vir hom te ver afgeleë om die evangelie te bring nie. Wanneer dit vir hom moontlik was om te help met 'n preekbeurt of 'n biduur was hy op sy pos. As ek hom gevra het vir 'n Bybel, het hy dit meer as een keer dieselfde dag by my huis kom aflaai.

Sy liefde vir die kerk was onder andere sigbaar in sy passie vir die kerkorde. Vir hom was die kerkorde nie 'n stok om mee te slaan nie, maar, soos dit hoort, 'n staf om mee te lei. Hy wou toesien dat, tot eer van God, dinge reg loop in Sy kerk. Met groot geduld en vriendelikheid was hy altyd beskikbaar om raad te gee. En dan was daar tussenin altyd tyd vir koffie ook. Hy het nie in die "vinnige" koffietjie-ding gespesialiseer nie. Hy was te lief vir 'n goeie kuier.

Matie was lief vir mense, vir sy vrou en kinders, sy ma, vir alle mense. Ons vier die lewe van 'n spesiale dienaar van God. Sy insette in my lewe het van my 'n ryker mens gemaak.

[Ingestuur deur Ds MG van Rooyen]